



# LYDENBURG

## Laeveldse erfenis

—deur Lourieke Haller

Lydenburg is een van die oudste dorpe in Mpumalanga. Dit is in 1850 deur die Voortrekkers van die Potgieterrek gestig. Die Groot Trek het inderwaarheid hier tot 'n einde gekom. Die Trekkers het eers gepoog om Andries-Ohrigstad (50 km) noord van Lydenburg te vestig, maar soveel mense het aan malaria beswyk dat hulle 'n ander ligging vir hulle dorp moes kies.

Die naam van die nuwe dorp, Lydenburg, roep die verlies en lyding van die

mense van Ohrigstad in herinnering – daar was min gesinne wat nie iemand aan die dood afgestaan het nie.

### Republiek van Lydenburg

In 1856 het Lydenburg van die Transvaalse Republiek afgestig om 'n selfstandige republiek te wees. Lydenburg kon ekonomies en staatkundig onafhanklik wees danksy sy strategiese ligging naby Delagoabaai (hedendaagse Maputo) – die enigste hawe wat nie onder Engelse beheer was nie. In 1860 het Lydenburg weer by die Transvaalse Republiek aangesluit.

### Op die ossewaroete

Lydenburg se ligging was ideaal geleë op die ossewaroete van Portugees-Oos-Afrika (Mosambiek) na Delagoabaai. Transportryers het tien dae geneem om hierdie tog te voltooi. In 1873 is die Long Tom-pas tussen Lydenburg en Sabie as 'n alternatiewe roete vir die transportryers

aangelê; Delagoabaai kon nou binne 'n paar uur bereik word. Die bergpas kronkel oor die noordelike Drakensberg-platorand met asemrowende panoramas.

### Goud

Op 6 Februarie 1873 is spoelgoud in die omgewing gevind en binne die volgende drie maande is die Lydenburg-goudveld geproklameer. Dit is steeds 'n mynbousentrum in Suid-Afrika.

### Oorlog

In 1878 het die Britte 'n regiment na Lydenburg-distrik gestuur om Sekoekoen van die Bapedi-stamte onderwerp. Daarná is die 94ste regiment onder bevel van kolonel R.P. Anstruther in Lydenburg gestasioneer.

Tydens die Eerste Vryheidsoorlog is 'n afdeling van hierdie garnisoen beveel om na Pretoria op te ruk. Die Britte was nie 'n aanval van die Boere te wagte nie en Anstruther het toegelaat dat sy manskappe hulle waaksaamheid verslap. (Die skroewe van die ammunisiekar was nie eers losgeskroef nie.) By Bronkhorstspruit het generaal Piet Joubert die afdeling binne

minute oorrampel. Talle Britte is gedood, onder andere Anstruther.


### Fort

Na die Eerste Vryheidsoorlog is daar besluit dat dit te gevaarlik is om die ammunisie en dinamiet in die magistratkantore te stoor »




Die Long Tom-pas

Lydenburg is een van die oudste dorpe in Mpumalanga met 'n ryke geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog en pragtige ou geboue wat behoue gebly het.



Long Tom-kanon wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gebruik is



President Thomas Burgers





# LYDENBURG

## Laeveldse erfenis



Die Voortrekkerskool



en in Desember 1883 is die kruithuis in Viljoenstraat gebou. Dit is met stene van Fort Mary, 'n Britse verskansing wat net buite Lydenburg opgerig is, gebou. Die name van Britse soldate wat in die stene gekerf is, kan steeds op die stene gesien word.

### Long Tom

Die historiese Long Tom-pas is na 'n Franse kanon genoem. Die Boere het die 155 mm Creusot Long Tom gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gebruik. Hulle het hierdie kanonne op die mees onverwagte plekke uitgesleep en die Britte gereeld met die 38 kg bomme verras wat oor 'n afstand van 10 km kon vuur.



Die Kruithuis

**Die historiese Long Tom-pas is na 'n Franse kanon genoem. Die Boere het die 155 mm Creusot Long Tom gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gebruik.**

### Lydenburg-koppe

Die oudste voorbeelde van Afrika-beeldhouwerk is deur 'n 10-jarige seuntjie op sy pa se plaas naby Lydenburg ontdek. Hierdie geheimenisvolle 'Lydenburg-koppe' (kleimaskers) word tussen 500-800 n.C. gedateer.

Die 10-jarige Ludwig von Bezing, het 'n belangstelling in argeologie ontwikkel en het later as volwassene teruggekeer en die oorblywende stukke gevind. Replikas van die sewe koppe kan in die Lydenburg Museum besigtig word. Die oorspronklikes is in die Nasionale Museum in Kaapstad te sien.

### Nasionale monumente

In Lydenburg is daar 'n aantal nasionale monumente om te besigtig: die oorspronklike Voortrekkerskool (1851), die Voortrekkerkerk (1851) die ou NG Kerk (1890), die Steenkampbrug (1897), en die kruithuis (1890) om 'n paar te noem.

Die Lydenburg Museum is in die Gustav Klingbiel Natuurreservaat geleë en besoekers kan, nadat hulle die uitstallings besigtig het, na die volop wildlewe in die reservaat gaan kyk. Lydenburg is ook in die hart van die forelhengelgebied geleë.

### Behoud van die erfenis

In 2006 is Lydenburg se naam verander

na Mashishing (wat 'lang groen gras' beteken). Die naam het egter nie byval gevind nie en padtekens, plaaslike en sakegeboue, soos die Lydenburg Museum, het steeds die ou naam behou. Weens wanbestuur is die pragtige historiese dorp besig om agteruit te gaan en kan 'n mens net hoop dat die ryk erfenis behoue sal bly. ■

